BA Grafiese Ontwerp

>> keuring

Die doel van FASE 1

is om die volgende aspekte by voornemende studente te beoordeel:

- Die student se motiverings-ingesteldheid (en meegaande skryf- en kommunikasievaardig-hede.
- Die tegniese en konseptuele gehalte van vorige kunswerke wat deur die student geskep is
- Die vlak van tegniese, skeppende en konseptuele vermoëns soos deur die vaardigheidstoets gere-flekteer
- Akademiese vermoëns

in kort:

DIE PROSEDURE

Die keuring vind in 2 fases plaas:

FASE 1
Aansoekvorm
Akademiese rekord
Geskrewe motivering
+
Fotodokumentasie
Vaardigheidstoets

JY HET DIT !

jy moet dit nog doen >>

FASE 2
Keuringstoets
Kort onderhoud

Die doel van FASE 2

se **keuringstoets** is om die volgende aspekte te toets:

- Die geskiktheid van die student se persoonlikheidsprofiel vir die studierigting van grafiese ontwerp
- Die student se vermoë om onder druk skeppend en innoverend te dink
- Die student se vermoë om 'n groot aantal idees binne 'n gegewe tydsraamwerk te genereer
- Die student se vermoë om 'n funksionele en kreatiewe oplossing vir 'n gegewe ontwerpprobleem te konseptualiseer en uit te voer.
- Die student se vermoë om tyd te bestuur
- Die **kort onderhoud** toets die volgende aspekte:
  - Die student se algemene talent-vlak soos gereflekteer deur sy/haar praktiese portefeulje
  - Die student se selfvertroue en kommunikasievaardighede

FASE 1 keuring
Sluitingsdatum
29 Augustus
2010

Hou asseblief streng by *die voorgeskrewe vereistes van hierdie toets.*

AL 4 **PROJEKTE** **moet uitgevoer word.**

Hoe doen ek aansoek?

>> stapsgewys

Aansoekvorm

STAP 1

AANSOEKVORM
Vul 'n NWU studente-aansoekvorm in (beskikbaar by die Toelatingskantoor, F20, Potchefstroomkampus).

STAP 2

AKADEMIESE REKORD
Heg 'n gewaarmerkte afskrif van jou graad 11-puntestaat (van die laaste skooleksamen wat afgelê is) aan jou aansoekvorm.

STAP 3

GESKREWE MOTIVERING
Heg een geskrewe bladsy aan jou aansoekvorm waarin jy verduidelik waarom jy aansoek doen vir hierdie graad.

Indien jy by Grafiese Ontwerp gekeur word, beteken dit nie dat jy outomaties Universiteits-toelating het nie. Universiteits-toelating geskied apart van Grafiese Ontwerp se keuring.

POS JOU PAKKIE NA:

DIE TOELATINGSKANTOOR
HOFFMANSTRAAT, GEBOU F20
VIR AANDAG: Grafiese Ontwerp-Keurpaneel
PRIVAATSAK X 6001
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM
2520

POS JOU PAKKIE NA:

APS-telling 21+

LET WEL>>

ENIGE VRAE?	**018 299 2458:**	NWU-Toelatingskantoor
	018 299 4091:	Zita Kyster *sekretaresse grafiese ontwerp*
	018 299 4092:	Wessie van der Westhuizen *vakvoorsitter grafiese ontwerp*
SKAKEL GERUS		

plus

plus

plus

plus

Keuringsleêr

VOORSKRIFTE

Gebruik 'n A4-voorleggingsleêr met plastiekblaaie (*Flipfile*).
Jou aansoek moet netjies en afgerond vertoon. Die visuele versorging van jou aansoek geniet oorweging tydens die keurproses en 'n slordige aansoek sal jou kanse om gekeur te word benadeel.
Geen los bladsye moet jou aansoek vergesel nie.
Elke bladsy of projek moet in 'n afsonderlike plastiekblad geplaas word.
Plaas die inhoud in dieselfde volgorde as hieronder uiteengesit.

VOLGORDE EN INHOUD

1. DIE VOORBLAD

Die volgende inligting moet op die voorblad verskyn:

- Jou naam
- 'n Poskaartgrootte foto van jouself
- Die woorde:
  "Grafiese Ontwerp: Keuring 2011"

2. FOTODOKUMENTASIE

Begin die leêr met ongeveer 5-10 foto's van kunswerke wat jy gedurende die afgelope twee jaar gedoen het. Dit kan kunswerke wees wat jy vir skoolprojekte, as stokperdjie of tydens buitemuurse kunsklasse gedoen het.
Bv. tekeninge, skilderye, ontwerpe, handvaardighede soos pottebakkery, lapskilderwerk of muurskilderye.
Foto's kan twee-twee op wit A4-bladsye geplak word. Elke foto moet voorsien wees van die volgende byskrifte:
1. Datum van uitvoering.
2. Medium waarin die werk gedoen is.
3. Die doel waarvoor die werk geskep is *(bv. skool, stokperdjie, ens.)*
4. Die skaal *(grootte)* van die werk.
5. Titel van werk *(indien van toepassing).*

3. VAARDIGHEIDSTOETS

Hier volg vier praktiese projekte wat die student tuis **moet** *voltooi. Elke projek moet op A4-formaat uitgevoer word. Merk hierdie afdeling met die opskrif: "VAARDIGHEIDSTOETS".*

PROJEK 1:
WAARNEMINGSTUDIE - STILLEWE
Medium: potlood
Formaat: A4-kardoespapier

Doen 'n interessante stillewe-opstelling op 'n A4-papier wat bestaan uit:

- 'n koppie en 'n piering
- twee vrugte
- 'n wynbottel
- 'n boek
- 'n stuk materiaal
  (byvoorbeeld 'n ou T-hemp)

Voer die tekening naas 'n ligbron soos 'n venster of 'n bedlamp uit sodat die vorms van die komposisie sterk gedefinieer word met behulp van duidelike lig- en donker vlakke. Skenk aandag aan lig- en skaduwerking, vormgewing, tekstuur, korrekte verhoudings, tonale variasie en natuurgetroue arseertegnieke. Hierdie projek toets jou kennis van visuele vormtaalbeginsels, jou

vermoë om akkuraat waar te neem en driedimensionele voorwerpe so natuurgetrou as moontlik op 'n tweedimensionele vlak weer te gee.

PROJEK 2:

LOGO-ONTWERP

Medium: *enige van die volgende* - swart inkpen / viltpenne / gouache-verf / kleurpotlode
Kleur: swart en wit / een kleur / volkleur

Ontwerp 'n nuwe logo vir die jaarlikse ontwerpkunstentoonstelling, die DESIGN INDABA. Die letters DESIGN INDABA moet 'n integrale deel van die logo vorm. Indien jy nie van ander visuele beelde in die logo wil gebruik maak nie, kan jy slegs 'n tipografiese logo* ontwerp. Deel jou A4-papier in 4 dele deur middel van lyne wat jy met 'n potlood trek. Doen VIER alternatiewe logo-moontlikhede, een in elke segment van die opgedeelde A4-blad.

Dit is belangrik dat jy navorsing doen oor die DESIGN INDABA voordat jy die logo's begin ontwerp. Besoek die webblad van die DESIGN INDABA en vind meer uit oor die visie en aktiwiteite van die geleetheid sodat jy 'n logo kan ontwerp wat funksioneel daarby inskakel. Om die keurings-paneel te lei deur jou denkprosesse word daar aanbeveel dat jy die betrokke navorsing en voorsketse vir die logo's by die leêr insluit. Plaas hierdie proseswerk AGTER die finale werke in APARTE sakkies. Dit is egter opsioneel om dit in te sluit.

**'n Tipografiese logo bestaan slegs uit teks, dit wil sê, die woorde 'Design Indaba' vorm die logo maar die teks is kreatief en visueel gemanipuleer om 'n opwindende visuele beeld te skep.*



PROJEK 3:

SELFPORTRET

Medium: potlood
Formaat: A4-kardoespapier

Maak gebruik van 'n spieël om 'n akkurate selfportrettekening te maak. Doen 'n studie van die proporsionele verdelings van die kop voordat jy begin.

INLIGTING OOR PORTRETSTUDIES: Waak daarteen om slegs bewus te wees van jou gelaatstrekke terwyl jy teken. Probeer jou kop eerder as 'n soliede massa in die ruimte sien. Op hierdie wyse sal jy die korrekte proporsionele konstruksie van die kop beter kan weergee. Dit beteken nie dat jy die gelaatstrekke moet ignoreer nie. In die tekenproses moet jy voortdurend probeer om die unieke karaktereienskappe van die gesig vas te vang terwyl jy die struktuur van die kop probeer vasstel. Die kop van die mens is verstommend simmetries en die onderskeie dele van die kop is eweredig versprei rondom 'n vertikale as. Ironies genoeg is daar seker nie 'n enkele individu op aarde met presiese simmetriese gelaatstrekke nie. Dit is juis hierdie subtiele afwykings van die simmetriese karakter van die kop wat elke mens se unieke karakter weerspieël.

PROJEK 4 :

GEHEUETEKENING

Medium: potlood
Format: een A4 *Cartridge* papier

Teken enigiets deur slegs op jou geheue staat te maak vir inspirasie. Daar mag dus geen verwysingsmateriaal gebruik word nie.

Bo: (Van links na regs) Helene Botha, Marina Herbst, Claudette Maskell, Pieter Bezuidenhout, wenners in die Student Goldpack Awards.

Above: Package design of: *(from left to right)* Pieter Bezuidenhout, Claudette Maskell, Helene Botha, Marina Herbst.

VERKLARING

Vul asseblief hierdie verklaring in en plaas dit aan die einde van jou aansoeklêer.

Hiermee verklaar ek, ……(volle naam) dat al die praktiese werk en fotodokumentasie van werke in hierdie aansoekleêr my eie is. Ek bevestig hiermee dat ek die werke onafhanklik uitgevoer het en dat geen bydraes deur 'n ander persoon gemaak is nie. Ek begryp dat my keuring teruggetrek kan word indien daar vasgestel word dat die inhoud van die aansoek op enige wyse valslik as my eie voorgehou is.

Datum:……..

Handtekening:……..

Kuns as matriekvak is 'n aanbeveling
MAAR NIE 'N VOORVEREISTE NIE!



STUDENT WORLD STAR PACKAGING AWARDS

Third-year students Marina Herbst and Claudette Maskell excelled at the 2009 Student World Star Packaging Awards. Marina Herbst was placed 4th in the world and received an Honourable Mention Certificate, while Maskell ranked 11th and received a Certificate of Recognition.

The Student World Star Award programme was established in 2005. Its main objective is to encourage future packaging experts. This event is organised by the World Packaging Organisation. The contest has been well received year after year because of students' enthusiastic participation, with innovative design and development in packaging technology, from all over the world.

STUDENT GOLDPACK AWARDS

Studente ontvang goud

NWU-studente het die afgelope paar jaar hul merk gemaak in verpakkingsontwerp deur op beide nasionale as internasionale vlak te presteer.

In 2009 het Grafiese Ontwerpstudente van hierdie instelling weer eens die ontwerpafdeling van die 2009 Student Goldpack Awards oorheers deur twee van die drie kategorieë vir ontwerpstudente te wen. Marina Herbst het benewens die eerste plek in die Vonkelwynverpakking-kategorie ook met die algehele goud-toekenning in die ontwerpafdeling weggestap. Pieter Bezuidenhout het ook die spesiale Sappi Paper Award ontvang vir sy innoverende gebruik van papier in hierdie kategorie. Claudette Maskell is in die kategorie vir parfuumverpakking as die wenner aangewys. Verder is Helene Botha as finalis in die Roomysverpakking-kategorie aangewys.

Hierdie sukses sit die 2008-sege voort, toe NWU-studente ook as wenners in twee van die drie kategorieë aangewys is. Carien Roberts het in dié jaar as wenner van die *Brighten your smile*-kategorie uit die stryd getree en is ook met die goud in die algehele ontwerpkategorie bekroon. In dieselfde jaar het Adèle Jonker die brons in die algehele ontwerpkategorie ontvang met haar inskrywing wat ook as die wenner in die Nando's nageregverpakkingskategorie aangewys is. Dit is ook in hierdie kategorie waarin 'n merietetoekenning deur Nadia Roodt behaal is. Twee ander NWU-studente wat in 2008 finalistoekennings ontvang het is Ilze Vermaak in die *Brighten your smile*-kategorie en Pieter Smit in die *Uniquely South African*-kategorie.

Die Student Gold Pack Awards is gemik op alle geregistreerde ontwerp- en verpakkingstudente aan tersiêre instansies in Suid Afrika. Sedert sy ontstaan het die Student Gold Pack Awards gegroei tot 'n prominente en prestigeryke kompetisie, waarvan die standaarde internasionaal meetbaar is.